NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 36

7 November 2019

My surrogaat-eggenote

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

As ek reg onthou, het die oproep gekom teen die einde van Desember 2011. Dr André Ungerer het beleef uitgevra na my welstand en my seënwense oor die feesgety toegebid. Hy het ook ewe beleef gevra of ek kans sou sien om die redakteur te word van wat toe nog die *e-Hervormer* was, die weeklikse elektroniese nuusbrief van die NHKA.

In daardie sekonde het my brein oortyd gewerk: Ek ken myself; ek is die meester van uitstel; my slagspreuk in die lewe is nie verniet *Hoe gouer ek agter raak, hoe meer tyd het ek om in te haal* nie; ek is nie 'n roetinemens nie; dit gaan haas onmoontlik wees vir my om week na week met 'n voorblad vorendag te kom. So het my een hart gepraat.

My ander hart het vir my gesê: Etienne, dis dalk net die ding wat jy nóú nodig het; jy het iets nodig om struktuur en vastigheid aan jou lewe te gee; jy moet 'n bietjie rigting kry en gou ook. Hierdie hart van my het die stryd gewen en ek het vir André gesê dat ek die redakteurskap 'n kans sal gee. En dit was toe wat ek in daardie stadium nodig gehad het in my lewe.

Sien, my eggenote, Hanlie, is op 6 September van 2011 oorlede aan kanker. Om te sê dat dit my lewe deurmekaar gemaak het, is om dit baie sagkens te stel. Iets wat rigting gee, 'n bietjie vooruitbeplanning en toegewydheid verg, sou my net kon goed doen, het ek geredeneer.

Ek het besluit om klaar te maak as redakteur toe al die termyne van die redaksie verval het saam met die 72ste Algemene Kerkvergadering in September 2019. 'n Mooi stukkie sinchronisiteit het hom afgespeel: Ek het op 28 September in die huwelik getree met 'n ou skoolliefde, Karin Bezuidenhout.

Die netto effek hiervan was dat die *e-Hervormer* (later *Blitspos*) vir agt jaar my surrogaat-eggenote was! Daar was min dae dat ek nie aan haar gedink het nie en baie dae waarin ek intens met haar besig was. Soms het sy my tot raserny gevryf, baiekeer het ons saam gehuil en ook gereeld saam gelag.

Ek moes help beplan aan 'n nuwe klerekas vir my *eggenote* toe sy van voorkoms en van naam verander het en *Blitspos* geword het. Enige man wat al ingetrek is by die besluitneming oor 'n nuwe klerekas vir sy wederhelfte sal weet dat hierdie proses met baie, baie groot omsigtigheid aangepak moet word. Des te meer as jy ook nog aan jou *eggenote* se persoonlikheid karring deur items soos *Allegaartjie, 'n Gedig* en *'n Gebed* deel van haar mondering te maak.

Soms het my *eggenote* 'n lelike storm ontketen en moes ek maar bontstaan om vure dood te slaan. Baie meer kere het ek egter baie mooi komplimente ontvang oor dit wat my *eggenote* te sê gehad het. Ek kan met groot dankbaarheid teenoor al die medewerkers wat vir my voorbladtekste geskryf het, sê dat my *eggenote* nooit, nie eens een week, my tydelik verlaat het nie, maar dat sy elke Donderdag klokslag haar opwagting gemaak het. En nou roep ek haar vaarwel toe, getroos in die wete dat hierdie surrogaat-eggenote van my 'n puik nuwe vennoot kry in die persoon van mev Tessa Oppermann.

Ek het net die grootse waardering vir die redakteurs van *Die Hervormer* onder wie ek kon werk: André Ungerer, David Barnard en Willem Sauer. Dank ook aan die puik span van SENTIK wat *Blitspos* tegnies versorg het om die uitstaande tydskrif te wees waarop ek, vir een, baie, baie trots is.

Ds Etienne Fourie, Kempten

Lief en leed

Ds Johan en Rina du Toit

- **Ds Johan du Toit** (emeritus, 82), wat geruime tyd reeds ernstige gesondheidsprobleme ondervind weens onder meer perifere neuropatie, is nou ook met Parkinson se siekte gediagnoseer. Hy sê dit gaan maar moeilik, en hy kan nie meer loop nie. Ons bid hom en sy vrou, Rina, die Heer se bystand toe in hierdie moeilike tyd.

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 November, en word hartlik geluk gewens:**

o	Donderdag 7 November:	Ds SA (Fanie) Beukes (Laeveld)
o	Saterdag 9 November:	Ds PJ (Hannes) Wolmarans (Secunda)
o	Maandag 11 November:	Ds AH (Adriaan) Roets (Swartkop)
o	Woensdag 13 November:	Ds IL (Innes) Benade (Oudtshoorn)
o	Donderdag 14 November:	Ds NJS (Nicolaas) Steenekamp (Middelburg)
o	Vrydag 15 November:	Di K (Kristy) Claassen (studerend), JG (Hannes) Janse van Rensburg (Zuurfontein), F du C (Francois) Labuschagne (emeritus) en PJO (Pieter) Pretorius (emeritus)

Gemeentes en bediening

Ds Hennie Engelbrecht

- **Ds JH (Hennie) Engelbrecht** (studerend) het die beroep na Derdepoort (deeltyds) aanvaar.

- **Ds BC (Barrie) Oberholzer** van Zeerust het die beroep na Tsumeb/Grootfontein aanvaar.

- **Ds FH (Frans) Ras** van Windhoek het die beroep na Nigel aanvaar. Sy bevestiging in Nigel vind plaas op Sondag 12 Januarie 2020.

Ds Barrie Oberholzer

- **Ds HP (Ronel) Coertzen** van Makarios het ’n beroep aanvaar na die NG gemeente Chrissiesmeer, en lewer haar intreepreek daar op 1 Desember om 10:00.

- **Ds Berend en Leonie Greyling** se nuwe kontakbesonderhede vanaf 14 November is die volgende: Ds Berend 073 533 9519 en **berendgreyling58@gmail.com**; mev Leonie 078 302 2207 en **greylingleonie@gmail.com**.

- Emerituspredikant **ds SJ (Fanie) en Elsa Swanepoel** gebruik nou die volgende e-posadres: **oumaelsa@hotmail.com**.

Ds Frans Ras

Ds Ronel Coertzen

- **Samesmelting tussen gemeentes Pretoria-Noord en Theresapark.** Hierdie twee gemeentes het op 22 September, tydens die onderskeie gemeentevergaderings volgens Ordonansie 2.8, eenparig besluit om saam te smelt. Vanaf 1 Januarie 2020 sal die nuwe gemeente bekendstaan as **Gemeente Pretoria Noorderlig**. Die samesmelting spruit voort uit die behoefte om in die oostelike deel van Pretoria-Noord ’n gemeente te vestig wat ’n sterk missionale bediening kan vestig en uitbou. Die gemeente sal voorlopig deur **dr JP (Johan) Bester** bedien word. Dr Bester is die afgelope 27 maande by Pretoria-Noord as brugpredikant betrokke en sal voortgaan met die bediening en begeleiding totdat die gemeente gereed is om ’n beroep uit te bring of anders per besluit van die nuutgevormde gemeente.

  Die samesmelting van die betrokke gemeentes hou die voordeel in van meerdere werkkragte, ’n moontlike kerkgebou waarby albei kan baatvind en beleggings

Jayden en Darian Groenewald word gedoop

wat die bediening standhoudend kan befonds. Predikante van die ring sal lidmate wat na die NHKA wil terugkeer, met liefde besoek.

Op die foto op die vorige bladsy behartig dr Johan Bester die eerste doop van die nuwe gemeente in die saal van die Rolbalklub in Pretoria-Noord, op 3 November. Die dopelinge is **Jayden en Darian Groenewald**, seuns van **Nadia Groenewald**.

- Na ’n mediasiegesprek in die ring van Rustenburg het lidmate van **Gemeente Rustenburg** (die tweede oudste gemeente van die Kerk) met mekaar ooreengekom om die gemeente te **ontbind**. Die ontbindingsvergadering het op 6 Augustus plaasgevind.

- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier.** Ds Willem Breytenbach sal aan die einde van die jaar met langverlof weg wees, en die volgende preekbeurte is dan beskikbaar:
  - Sondag 15 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 18:30 (Kerssangdiens)
  - Maandag 16 Desember: Sabie 09:00 (Geloftefees)
  - Sondag 22 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00
  - Woensdag 25 Desember (Kersdag): Witrivier 07:00 en Sabie 09:00
  - Sondag 29 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00

  Die afstand tussen Sabie en Witrivier is 47 km. Predikante, dosente en teologiestudente wat in Sabie, Graskop, Hazyview of Witrivier vakansie hou, kan die gemeente kontak sodat verdere reëlings getref kan word. Preekbeurt plus vervoer vanaf vakansieverblyf sal vergoed word volgens vasgestelde tariewe.

  Navrae: **nhsabie@telkomsa.net** of **willembb@telkomsa.net**
  013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)**, kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by **njssteenekamp@gmail.com** of 073 279 3315. Vervoerkoste en ’n honorarium word betaal.

- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com** om die Sondag te bevestig.

Vergaderings

- Donderdag 7 November: Direksie van OTMT
- Donderdag 14 November: Pensioenvergaderings
  Rata Finkom

Kerklike publikasies

- SENTIK stuur elke Donderdag ’n **lokflits** aan predikante, gemeentes en ander intekenaars wat voorheen die weeklikse *Blitspos* ontvang het. Die lokflits bevat **skakels** na *Blitspos* en nuwe artikels en meningstukke wat op die Kerk se webblad **www.nhka.org** geplaas is. Indien u die lokflits sporadies of glad nie ontvang nie, kan u gerus ’n e-pos stuur na **karen@nhk.co.za**. Klik **hier** vir vorige uitgawes van *Blitspos*.

- Gemeentes word versoek om die besonderhede te verskaf van enige **emerituspredikante en/of predikanteweduwees** in hul geledere, sodat hul komplimentêre eksemplare van die *Almanak/Bybelse Dagboek* saam met die res van die gemeente se bestelling versend kan word. Stuur die besonderhede asseblief aan mev Sarie Roux by **sentik@nhk.co.za**.

'n Gedig

lente

oor die stad wat brand
en noordwaarts gerugte van groter verdriet
hurk God met die son
soos 'n kalbas in sy hand
en begin sy laaste bietjie wit
genade in 'n kaapse katjiepiering giet

Kaapstad, Augustus 1976.

Marlene van Niekerk
(Uit: *Sprokkelster*, 1977)

Barmhartigheid

- **Beurse en lenings vir 2020.** Die **NHSV** beskik oor beurse en lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Aansoekvorms kan afgelaai word van die NHSV webblad **www.nhsv.org.za**. Klik **hier** om die aansoekvorm af te laai. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2019**.

- **Diakonaat: Werkgroep Kindersorg en Rata Maatskaplike Dienste**
  Skooltassieprojek 2020
  Borg 'n tassie teen R350

  Gemeente-inbetalings by:
  Raad van Finansies
  ABSA tjekrekening
  Rekeningnommer 020 000 287
  Takkode 632005
  Verwysing: 16TAS + gemeentenaam

  Persone wat 18A-belastingbewys verlang, doen inbetaling by:
  Plesion NPC
  Nedbank
  Rekeningnommer 112 732 1897
  Takkode 160 445
  Verwysing: TAS + jou naam (of gemeentenaam)
  Stuur bewys van betaling aan **andries@plesion.org.za**



Ons Tuis-gastekamer

- **Ons Tuis (Riviera)** het enkel en dubbel **gastekamersuites** beskikbaar vir persone wat naby die hospitale moet wees of selfs waar Oupa en/of Ouma kan tuisgaan as die kinders met verlof is. Die enkelkamersuite sluit ontbyt in teen R350 per nag, en die dubbelkamersuite sluit ontbyt in teen R550 per nag.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Studentesake

- **Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2020**
  Dinsdag 7 – Vrydag 10 Januarie 2020
  Vertrek Dinsdag 7 Januarie om 13:00 vanaf Silwerstraat 19
  Venterskroon-kampterrein
  Koste R990
  Besoek **www.studentegemeente.com** vir inskrywingsvorm
  www.facebook.com/PotchStudente
  Navrae dr Rudy Denton 082 459 9710
  Terzie Denton 082 475 4618
  Wilbrie Hartman 072 655 4282

Konserte en feeste

- **Gemeente Noordelike Pretoria: Verjaardagviering 85 jaar**
  Sondag 17 November om 18:00
  Klokkespel met 29 handklokke tydens Kerssangdiens
  Toegang is gratis – 'n donasie is welkom vir sendingwerk
  (Hierdie gemeente in 12de Laan 512, Gezina,
  is tans die oudste Hervormde gemeente in Pretoria)

- **Gemeente Villieria: Optrede van Jan de Wet**
  Saterdag 23 November om 18:00
  Kaartjies beloop R30 per persoon
  Kontak Jannie by 082 449 1614 of Francois by 082 334 0532

Fondsinsamelings

- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
  Wen ’n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
  Koop ’n pakket, samel fondse in vir jou kantoor of gemeente
  Ondersteun terselfdertyd Rata se maatskaplike werk –
  waarvan die grootste is om kinders te beskerm
  teen mishandeling en verwaarlosing!
  Opsies sodat selfs kleiner instansies dit kan bekostig

Opsie	***Koste***	***Aantal boekies***	***Wins vir kantoor/ gemeente***	***Uitstalling***	***Promosie-materiaal***	***Sleutelpas-finalis***
Pakket	R5 000	200	R15 000 (75%)	Ja	Ingesluit	1 per pakket
50 boekies	R2 500	50	R2 500 (50%)	Nee	Ekstra @ R50/ plakkaat	Gesamentlike trekking
70 boekies	R3 500	70	R3 500 (50%)	Nee		

1. Kry jou pakket voor 31 Januarie 2020. ’n Beperkte aantal is beskikbaar.
2. Betaal pakketgelde in by ABSA; RATA; rekeningnommer 000 206 00 209; verwysing GO + NAAM.
3. Kaartjies en bemarkingsmateriaal word versend.
4. Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie 2020.
   (1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid).
5. Stuur besonderhede deur van finaliste wat aan die finale sleutelpas sal deelneem op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag van 18 Augustus 2020 by Silver Lakes.
6. Uitstallings van voertuig kan gereël word by basaars, gholfdae en markte.

Navrae: Stephen de Beer 074 658 4630 (**gsdebeer@gmail.com**)
Andries Pretorius 081 466 8691 (**andries@rata.org.za**)
Vir uitstallings van die voertuig, kontak Andries Pretorius

Basaars en markte

- **Gemeente Drie Riviere: Kersmark**
  Saterdag 23 November 09:00-15:00
  hv Bashee- en Wilgestraat
  Geskenke, teetuin, kindervermaak en meer
  Bespreek ’n stalletjie
  Kontak ds Hennie Louw by 084 508 7849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

Gebed vir die week

O Here God, U wat bekendstaan as Liefde:
Gee my genoeg liefde om U liewer te hê as myself,
sodat ek nie meer omgee watter voordeel ék daaruit kry nie,
solank ek doen wat goed is in u oë.
U noem my u kind,
maar ek is tevrede om net u dienskneg te wees,
die nederigste skapie in u kudde.
Praat met my, o Herder!
Hierdie skapie het dit nodig om u stem te hoor,
sodat ek kan weet waarheen om U te volg.
O my Meester, my Herder, my Vader,
sien my swakke pogings om U te dien in genade aan.
En mag selfs my sukkelende gebed
bydra tot die eer van u Naam.

William van St-Thierry
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk